ZENFAR 600 word aangedui in kombinasie met antiretrovirusmiddels vir die behandeling van MIV-1 besmette volwassenes, adolessente en kinders wat 40 kg of meer weeg.

KONTRA-INDIKASIES
ZENFAR 600 word teenaangedui in pasiënte wat voorheen beduidende hipersensitiwiteit teen efavirens of enige van die komponente van **ZENFAR 600** getoon het.
Swangerskap en laktasie (sien **SWANGERSKAP EN LAKTASIE**).
ZENFAR 600 behoort nie gelyktydig saam met astemisool, kisapried, midasolam, triasolam, pimosied, bepridil of ergotderivate toegedien te word nie aangesien kompetisie vir CYP3A4 deur efavirens tot die inhibisie van hierdie medisyne mag lei en die potensiaal vir ernstige en/of lewensbedreigende newe-effekte (bv. hartaritmieë, verlengde sedering of respiratoriese onderdrukking) mag skep, asook nie saam met St. John se kruid nie, aangesien dit tot 'n verlies aan virologiese respons en moontlike weerstand mag lei.

WAARSKUWINGS
'n Weerstandbiedende virus ontwikkel vinnig wanneer 'n NNTTI soos **ZENFAR 600** as monoterapie toegedien word. **ZENFAR 600** moet daarom nie as 'n enkel middel gebruik word om MIV te behandel nie, of as enkel middel by 'n mislukte regimen gevoeg word nie. Die keuse van antiretrovirusmiddels wat in kombinasie met efavirens gebruik word, behoort oorweging aan die potensiaal vir virus-kruisweerstand te skenk.

INTERAKSIES
ZENFAR 600 is 'n induseerder van CYP3A4. Plasmakonsentrasies van **ZENFAR 600** mag deur substrate, inhibeerders of induseerders van CYP3A4 verander word. Net so mag **ZENFAR 600** die plasmakonsentrasies van medisyne wat deur CYP3A4 gemetaboliseer word, verander.

Meegaande antivirusmedisyne
Indinavir
Indinavir (800 mg elke 8 ure) toegedien saam met **ZENFAR 600**: As gevolg van ensieminduksie neem die AOK en K_{min} van indinavir met ongeveer 31 % en 18 %, respektiewelik af. Daarom behoort die dosis van indinavir van 800 mg na 1000 mg elke 8 ure verhoog te word wanneer **ZENFAR 600** en indinavir saam toegedien word. Geen dosisaanpassing is vir **ZENFAR 600** nodig wanneer dit saam met indinavir toegedien word nie.

Ritonavir
ZENFAR 600 (toegedien een keer per dag met slapenstyd) en ritonavir 500 mg (elke 12 ure toegedien) word nie goed verdra nie en word met 'n hoër frekwensie van kliniese newe-effekte (bv. duiseligheid, naarheid, parestesie), asook laboratoriumabnormaliteite (verhoogde lewerensieme) geassosieer. Die monitering van lewerensieme word aanbeveel wanneer **ZENFAR 600** in kombinasie met ritonavir gebruik word.

Sakinavir
Meegaande toediening van sakinavir (1200 mg toegedien 3 keer per dag) saam met **ZENFAR 600**: Die AOK en K_{maks} van sakinavir word met 62 % en 50 % respektiewelik verlaag. Die gebruik van **ZENFAR 600** in kombinasie met sakinavir as die enigste protease-inhibeerder word nie aanbeveel nie.

Rifampisien
Rifampisien verminder die AOK van **ZENFAR 600** met 26 % en K_{maks} met 20 %. Die **ZENFAR 600** dosis behoort na 800 mg/dag verhoog te word wanneer dit saam met rifampisien geneem word. Geen dosisaanpassing word vir rifampisien aanbeveel wanneer dit saam met **ZENFAR 600** toegedien word nie.

Makrolide antibiotika
Klaritromisien
Die mede-toediening van **ZENFAR 600** een keer per dag saam met klaritromisien lei tot 'n noemenswaardige effek van efavirens op die farmakokinetika van klaritromisien.
Die AOK en K_{maks} van klaritromisien neem met 39 % en 26 %, respektiewelik af, terwyl die AOK en K_{maks} van klaritromisien se hidroksiemetaboliet met 34 % en 49 % respektiewelik, toeneem wanneer dit in kombinasie met **ZENFAR 600** gebruik word. Die kliniese betekenis van hierdie veranderinge in die plasmavlakke van klaritromisien is nie bekend nie. Dit is onnodig om die **ZENFAR 600** dosis aan te pas wanneer dit saam met klaritromisien toegedien word. 'n Alternatief vir klaritromisien behoort oorweeg te word.

[illegible]

HMG-KoA reduktase-inhibeerders
Atorvastatien, pravastatien, simvastatien: Die plasmavlakke van atorvastatien, pravastatien en simvastatien mag laer wees.

Orale voorbehoedmiddels
Die AOK van 'n enkel dosis etinielestradiol word met 37 % deur **ZENFAR 600** verhoog. Geen noemenswaardige veranderinge word in die K_{maks} van etinielestradiol waargeneem nie. Die kliniese betekenis van hierdie effekte is nie bekend nie. 'n Enkel dosis etinielestradiol het geen effek op die K_{maks} of AOK van **ZENFAR 600** nie. Aangesien die potensiële interaksie van **ZENFAR 600** met orale voorbehoedmiddels nie ten volle gekarakteriseer is nie, behoort 'n betroubare metode van skeidingskontrasepsie saam met orale voorbehoedmiddels gebruik te word.

Metadoon
Die mede-toediening van **ZENFAR 600** saam met metadoon lei tot laer plasmavlakke van metadoon en tekens van opiaatonttrekking. Pasiënte behoort vir tekens van onttrekking gemoniteer te word en hul metadoondosis behoort waar nodig, verhoog te word om die onttrekkingsimptome te verlig.

St. John se kruid (*Hypericum perforatum*)
Pasiënte op **ZENFAR 600** behoort nie terselfdertyd produkte te gebruik wat St. John se kruid (*Hypericum perforatum*) bevat nie, aangesien daar verwag kan word dat dit tot laer plasmakonsentrasies van **ZENFAR 600** mag lei. Hierdie effek is as gevolg van 'n induksie van CYP3A4 en mag tot 'n verlies aan terapeutiese effek en die ontwikkeling van weerstand lei.

Kannabinoïede toetsinteraksie
ZENFAR 600 bind nie aan die kannabinoïede reseptors nie. Vals positiewe kannabinoïed uriene-toetsresultate is in vrywilligers wat **ZENFAR 600** ontvang het, aangemeld. Vals positiewe resultate is slegs met die CEDIA DAU Multivlak THC-bepaling, wat vir siftingsdoeleindes gebruik word, verkry. Dit is nie met ander kannabinoïedbepalings, insluitende toetse wat gebruik word om positiewe resultate te bevestig, verkry nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Swangerskap
ZENFAR 600 mag fetale skade berokken wanneer dit gedurende die eerste trimester aan 'n swanger vrou toegedien word. Swangerskap behoort in vroue wat **ZENFAR 600** ontvang, verhoed te word. Skeidingskontrasepsie behoort altyd in kombinasie met ander metodes van voorbehoeding (bv. orale of hormonale voorbehoedmiddels) gebruik te word. Vroue wat moontlik swanger mag raak, behoort 'n swangerskapstoets vóór die inisiëring van **ZENFAR 600** te ondergaan.
Laktasie
Die veiligheid gedurende laktasie is nie vasgestel nie. Aangesien data uit dierestudies daarop dui dat die middel na die borsmelk mag versprei, word dit aanbeveel dat moeders wat **ZENFAR 600** gebruik nie hul babas borsvoed nie. Om die oordraging van MIV te voorkom, word dit aanbeveel dat MIV-besmette vroue nie hul babas onder enige omstandighede borsvoed nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Volwassenes
Die aanbevole dosis van **ZENFAR 600** in kombinasie met 'n protease-inhibeerder en/of nukleosiedanaloog trutranskriptase-inhibeerders (NTTI) is 600 mg oraal, een keer per dag.

Daar word aanbeveel dat ZENFAR 600 op 'n leë maag geneem word, verkieslik met slapenstyd. 'n Maaltyd ryk aan vet verhoog die absorpsie van ZENFAR 600 en behoort vermy te word.
Om die verdraagsaamheid van newe-effekte van die senuweestelsel te verbeter, word dosering met slapenstyd vir die eerste twee tot vier weke van terapie aanbeveel, asook in pasiënte wat aanhou om hierdie simptome te ondervind (sien **NEWE-EFFEKTE**).

Meegaande antiretrovirusterapie
ZENFAR 600 moet in kombinasie met ander antiretrovirusmedisyne toegedien word (sien **INTERAKSIES**).

Adolessente en kinders (17 jaar en jonger)
Die aanbevole dosis van **ZENFAR 600** in kombinasie met 'n protease-inhibeerder en/of nukleosiedanaloog trutranskriptase-inhibeerders (NTTI) is 600 mg oraal, een keer per dag, en kan slegs in volwassenes en kinders wat 40 kg of meer weeg, gebruik word.
ZENFAR 600 behoort slegs aan kinders toegedien te word wat tablette effektief kan sluk.

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
NEWE-EFFEKTE
Die mees dikwels aangemelde behandelingsverwante newe-effekte van 'n tenminste matige graad van erns in tenminste 5 % van pasiënte was uitslag (11,6 %), duiseligheid (8,5 %), naarheid (8,0 %), hoofpyn (5,7 %) en moegheid (5,5 %). Die mees merkbare newe-effekte wat met **ZENFAR 600** geassosieer word, is uitslag en simptome van die senuweestelsel (sien **SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

__Metabolisme- en voedingsafwykings__
Frekwensie onbekend: Massatoename en massaverlies.

__Psigiatriese afwykings__
Dikwels: Abnormale drome, angs, depressie, slaaploosheid.
Minder dikwels: Aggressiewe reaksies, agitasie, emosionele onbestendigheid, manie, paranoia, psigose, euforie, beswyming, verwardheid, apatie, hallusinasies, selfmoordgedagtes en -pogings, senuweeagtigheid.
Frekwensie onbekend: Delusies, neurose, voltooide selfmoord.

__Afwykings van die senuweestelsel__
Dikwels: Duiseligheid, ingekorte konsentrasie, hoofpyn, slaapsug.
Minder dikwels: Geheueverlies, ataksie, afwykings van serebellêre koördinasie en balans, stuiptrekkings, hipoestesie, parestesie, beweeglikheid.
Frekwensie onbekend: Neuropatie.

__Oogafwykings__
Minder dikwels: Abnormale gesig.

__Oor- en labirintafwykings__
Minder dikwels: Tinnitus, duiseligheid.

__Hartafwykings__
Minder dikwels: Hartkloppings, hartkloppings en tagikardie.

[illegible]
Minder dikwels: Asma.
Frekwensie onbekend: Boonste lugweginfeksies, sinusitis, dispnee.

__Gastro-intestinale afwykings__
Dikwels: Naarheid, braking, diarree, dispepsie, buikpyn.
Minder dikwels: Anoreksie, smaakafwyking.
Frekwensie onbekend: Gastritis, gastroenteritis, gastroësofageale refluks, toename in eetlus, hardlywigheid en wanabsorpsie.

__Hepatobiliêre afwykings__
Minder dikwels: Hepatitis.

[illegible]
Dikwels: Uitslag, insluitende eriteem, verspreide makulopapulêre uitslag, droë afskilfering, pruritus, toename in sweet.
Minder dikwels: Uitslag, insluitende vesikulering, nat afskilfering, ulserasie, voelvormige eriteem, Stevens-Johnson se sindroom, toksiese epidermale nekrolise, nekrose wat chirurgie vereis, eksfoliatiewe dermatitis, eksseem, alopesie, urtikarie.
Frekwensie onbekend: Akne, seborree, foto-allergiese dermatitis.

[illegible]
Minder dikwels: Artralgie, mialgie.
Frekwensie onbekend: Miopatie.

[illegible]
Minder dikwels: Ginekomastie.
Frekwensie onbekend: Impotensie, afname in libido, toename in libido.

__Immuunstelselafwykings__
Minder dikwels: Allergiese reaksie.

[illegible]
Dikwels: Moegheid, pyn.
Minder dikwels: Astenie, malaise, sinkopee.
Frekwensie onbekend: Griepagtige simptome, herverspreiding/aansameling van liggaamsvet.

__Ondersoeke__
Dikwels: ALT > 5 BLN, AST > 5 BLN, GGT > 5 BLN; amilase > 2 BLN, glukose > 250 mg/dL, neutrofiele < 750/mm³.
Toename in lewerensiemvlakke.
Minder dikwels: Toename in serumcholesterol- en trigliseriedvlakke.

Die tipe en frekwensie van newe-effekte in kinders was oor die algemeen soortgelyk aan dié in volwasse pasiënte, behalwe dat uitslag meer dikwels in kinders aangemeld is en dikwels ook van 'n erger graad.

Veluitslag is gewoonlik gering-tot-matige makulopapulêre veluitbarstings wat binne die eerste twee weke na die begin van terapie met **ZENFAR 600** voorkom. In die meeste pasiënte verdwyn die uitslag binne 'n maand met voortgesette terapie met **ZENFAR 600**. Behandeling met **ZENFAR 600** kan in pasiënte wat terapie weens uitslag onderbreek het, hervat word. Die gebruik van gepaste antihistamiene en/of kortikosteroïede word aanbeveel wanneer **ZENFAR 600** hervat word (sien **SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

Pasiënte wat **ZENFAR 600** gebruik moet gewaarsku word oor die potensiaal vir additiewe senuweestelseleffekte wanneer **ZENFAR 600** saam met alkohol of psigoaktiewe medisyne gebruik word.

SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Pasiënte behoort daarop ingelig te word dat **ZENFAR 600** nie 'n genesing van MIV-1 infeksie is nie, en dat hulle nog steeds siektes, insluitende opportunistiese infeksies wat met MIV-1 geassosieer word, mag opdoen. Pasiënte behoort onder sorg van 'n mediese praktisyn te bly terwyl hulle **ZENFAR 600** gebruik. Pasiënte behoort daarop gewys te word dat daar aangetoon is dat die gebruik van **ZENFAR 600** nie die risiko van oordraging van MIV-1 na ander persone deur seksuele kontak of bloedkontaminasie verminder nie.

ZENFAR 600 moet nie as 'n enkel middel gebruik word om MIV te behandel nie, en ook nie as 'n enkel middel bygevoeg word in 'n onsuksesvolle regimen nie.

Wanneer ander medikasies saam met **ZENFAR 600** voorgeskryf word, behoort die mediese praktisyn na die betrokke vervaardiger se voubiljet te verwys.

Indien enige antiretrovirusmedikasie in kombinasieterapie weens vermoedelike intoleransie onderbreek word, behoort ernstige oorweging geskenk te word aan die gelyktydige onttrekking van alle ander antiretrovirusmedikasies. Die antiretrovirusmedikasies behoort weer saam na die verdwyning van die intoleransiesimptome begin te word. Weens 'n toename in die potensiaal vir die seleksie van 'n mutante, niepoelkweerstandbiedende virus, word afwisselende monoterapie en sekwensiële [illegible]

[illegible]

Uitslag is aangemeld in kinders wat met **ZENFAR 600** behandel is en was in sommige pasiënte erg gewees. Profilakse met gepaste antihistamiene vóór inisiëring van terapie met **ZENFAR 600** in kinders, mag oorweeg word.

Senuweestelselsimptome: Simptome van die senuweestelsel is aangemeld (sien **newe-effekte**). Boonop bestaan daar verslagings van psigose-agtige reaksies soos delusies en ongewone gedrag (insluitende aggressiewe reaksies), hoofsaaklik in pasiënte met 'n geskiedenis van verstandsiekte of substansmisbruik. Erge, akute depressie (insluitende selfmoordgedagtes/-pogings) is ook af en toe aangemeld, veral in pasiënte met 'n vorige geskiedenis van depressie. Pasiënte behoort aangesê te word om onmiddellik hul dokter te raadpleeg as hulle hierdie simptome ondervind, aangesien die onttrekking van **ZENFAR 600** moontlik nodig mag wees.

Laktose: **ZENFAR 600** is nie geskik vir gebruik in individue met oorerflike afwykings van galaktosemie of glukose/galaktose wanabsorpsie-sindroom nie.

Spesiale populasies: Weens die uitgebreide sitochroom P450-gemedieerde metabolisme van **ZENFAR 600** en beperkte kliniese ondervinding in pasiënte met chroniese lewersiekte, behoort sorg aan die dag gelê te word wanneer **ZENFAR 600** aan pasiënte met lewersiekte toegedien word.

Die farmakokinetika van **ZENFAR 600** is nie in pasiënte met ontoereikende nierfunksie bestudeer nie, minder as 1 % van 'n **ZENFAR 600** dosis word egter onveranderd deur die niere uitgeskei. Die impak van ingekorte nierfunksie op die eliminasie van **ZENFAR 600** behoort derhalwe minimaal te wees.

'n Onvoldoende aantal bejaarde pasiënte is in kliniese studies geëvalueer om te bepaal of hulle anders as jonger pasiënte reageer.

Lewersiekte: In pasiënte met 'n bekende of vermoedelike geskiedenis van hepatitis B of C infeksie, asook in pasiënte wat met ander medikasies behandel is wat met lewertoksisiteit geassosieer word, word die monitering van lewerensieme aanbeveel.

In pasiënte met aanhoudende verhogings in serumaminotransferases van meer as 5 keer die boonste limiet van die normale reikwydte, behoort die voordeel van voortgesette terapie met **ZENFAR 600** opgeweeg te word teen die onbekende risiko van beduidende lewertoksisiteit (sien **newe-effekte**).

Cholesterol: Die monitering van cholesterol behoort oorweeg te word in pasiënte wat met **ZENFAR 600** behandel word.

Pediatriese gebruik
ZENFAR 600 is nie in pediatriese pasiënte jonger as 3 jaar oud of wat minder as 13 kg weeg, bestudeer nie.

Effek op die vermoë om te bestuur of om met masjinerie te werk
ZENFAR 600 mag duiseligheid, ingekorte konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. Pasiënte behoort aangesê te word dat indien hulle hierdie simptome ondervind, hulle potensieel gevaarlike take soos om te bestuur of om met masjinerie te werk, behoort te vermy.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Sommige pasiënte wat per ongeluk 600 mg twee keer per dag geneem het, het 'n toename in senuweestelselsimptome aangemeld. Een pasiënt het onwillekeurige spiersametrekkings ondervind.
Die behandeling van oordosering met **ZENFAR 600** behoort algemene ondersteunende maatreëls in te sluit, insluitende monitering van lewenstekens en die observasie van die pasiënt se kliniese toestand. Die toediening van geaktiveerde houtskool mag gebruik word om die verwydering van ongeabsorbeerde efavirens aan te help. Daar bestaan geen spesifieke teenmiddel vir die oordosering met **ZENFAR 600** nie. Aangesien **ZENFAR 600** hoogs proteïengebonde is, is dit onwaarskynlik dat efavirens tot enige mate met dialise uit die bloed verwyder sal word.

IDENTIFIKASIE
Geel, kapsuulvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met "ML12" op die een kant gegraveer en glad aan die onderkant.

AANBIEDING
Ronde, wit HDPE houers met 'n wit deksel, met 30 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES
ZENFAR 600 behoort by kamertemperatuur by of onder 30 °C geberg te word. Hou dig toe en beskerm teen lig. HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER
45/20.2.8/0084

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk
Kantoorblok 1,
Bassonia Estate Office Park (Oos),
Cussonarylaan 1, Bassonia Rock
Uitbr. 12, Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
1 Oktober 2015

Pasiëntinligtingsblaadjie

LEES DIE HELE BLAADJIE SORGVULDIG VOORDAT U BEGIN OM ZENFAR 600 TE GEBRUIK
- Hou die blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, raadpleeg u dokter of apteker.
- **ZENFAR 600** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ook al toon hulle dieselfde simptome as u.

SKEDULERINGSTATUS

S4

NAAM VAN HIERDIE MEDISYNE
ZENFAR 600 tablette

ZENFAR 600 BEVAT DIE VOLGENDE
Elke tablet bevat efavirens 600 mg en laktosemonohidraat 400 mg.
Eksipiënte: Kroskarmellosenatrium, hidroksiepropielsellulose, mikrokristallyne sellulose, natriumlaurielsulfaat, magnesiumstearaat, Idoursiol, opadrygeel 03B52065 [bevat hidroksiepropielmetielsellulose, titaandioksied (CI 77891), poliëtileenglikol 400, ysteroksied (E172)].

WAARVOOR WORD ZENFAR 600 GEBRUIK
ZENFAR 600 word vir die behandeling van MIV-infeksie (menslike immuuntekortvirus) gebruik.
ZENFAR 600 is medisyne wat as antiretrovirusmiddels bekend staan. Dit behoort aan 'n groep medisyne wat as [illegible] (NTTI) bekend staan. **ZENFAR 600** raak nie van die MIV-infeksie ontslae nie; dit verminder slegs die aantal virusse in u liggaam en hou dit op 'n lae vlak. **ZENFAR 600** verhoog ook die CD4-telling in u bloed. CD4-selle is witbloedselle wat belangrik vir u liggaam se immuunfunksie is om te help beveg.

ZENFAR 600 word in kombinasie met ander medisyne (kombinasieterapie) gebruik om MIV in volwassenes, adolessente en kinders wat 40 kg of meer weeg, te behandel. Om u MIV-infeksie te beheer en om te keer dat u siekte erger word, moet u aanhou om al u medisyne te neem.

VOORDAT U ZENFAR 600 GEBRUIK
Indien u ZENFAR 600 gebruik, of indien dit aan u voorgeskryf is, is dit belangrik dat u u dokter of gesondheidsorg-professioneel daaroor inlig indien u aan enige van die kondisies hieronder genoem, ly:

U behoort nie ZENFAR 600 te gebruik:
- Indien u hipersensitief teen **ZENFAR 600** (efavirens) of teen enige van die bestanddele is nie.
- Indien u aan uitslag of enige ander velkondisie ly nie.
- Indien u swanger is of beplan om swanger te raak, of as u borsvoed nie.

Moenie **ZENFAR 600** aan kinders en volwassenes gee wat minder as 40 kg weeg nie.

Wees baie versigtig met ZENFAR 600
ZENFAR 600 genees nie MIV-infeksie nie en u mag aanhou om siektes wat met MIV-1 geassosieer word, te ontwikkel, insluitende opportunistiese infeksies. U behoort onder die toesig van 'n dokter te bly terwyl u **ZENFAR 600** gebruik. Daar is aangetoon dat die gebruik van **ZENFAR 600** nie die risiko van oordraging van MIV-1 na ander persone deur seksuele kontak of bloedkontaminasie verminder nie. Sorg behoort aan die dag gelê te word met die gebruik van **ZENFAR 600** in die volgende pasiënte:
- Indien u ooit aan lewersiekte gely het (insluitende hepatitis B of C).
- Indien u ooit aan 'n verstandelike siekte gely het of indien u dwelms of alkohol gebruik.
- Indien u ooit aan stuiptrekkings gely het of indien u medisyne vir stuiptrekkings gebruik.
- Indien u aan hoë cholesterol of trigliseriede ly.

Raadpleeg u dokter as enige van die bogenoemde op u van toepassing is. U mag moontlik bykomende ondersoeke benodig, insluitende bloedtoetse, terwyl u u medikasie gebruik.

Swangerskap en borsvoeding:
- Moenie **ZENFAR 600** gebruik indien u swanger is nie. Wanvorming is in die fetusse van diere waargeneem wat met **ZENFAR 600** gedurende dragtigheid behandel is. Daarom behoort swangerskap in vroue wat **ZENFAR 600** gebruik, vermy te word.
- Lig u dokter onmiddellik in as u swanger is of beoog om swanger te raak.
- Indien u 'n vrou is wat **ZENFAR 600** ontvang, behoort u altyd 'n betroubare vorm van skeidingskontrasepsie (bv. 'n kondoom) saam met ander vorms van kontrasepsie, insluitende orale (pil) of ander hormonale voorbehoedmiddels (bv. implantate, inspuitings) gebruik te word.
- Moenie borsvoed terwyl u **ZENFAR 600** gebruik nie.

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl u **ZENFAR 600** gebruik, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsprofessioneel vir advies raadpleeg.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
- Duiseligheid, ingekorte konsentrasie en lomerigheid is gedurende die gebruik van **ZENFAR 600** aangemeld. Indien u hierdie simptome ondervind, behoort u potensieel gevaarlike take soos om te bestuur of om met masjinerie te werk, te vermy.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van ZENFAR 600
[illegible]

Die neem van ander medisyne saam met ZENFAR 600
[illegible]

- Astemisool (antihistamien gebruik vir hooikoors en ander allergiese reaksies)
- Kisapried (gebruik om maagrefluks te behandel)
- Midasolam (gebruik as kalmeermiddel vóór chirurgiese prosedures)
- Triasolam (gebruik om angs, depressie of slaaploosheid te behandel)
- Pimosied (gebruik om psigiatriese kondisies te behandel)
- Bepridil (gebruik om angina (borspyn) te behandel)
- Ergotderivate (gebruik om migraine te behandel asook tydens kraam/geboorte)

Sommige medisyne mag veroorsaak dat u meer waarskynlik newe-effekte sal ondervind, of dat die newe-effekte vererger. Dit mag vir u dokter nodig wees om die dosis aan te pas wanneer u **ZENFAR 600** gebruik. Hierdie medisyne sluit die volgende in:
- Indinavir, ritonavir, sakinavir (medisyne wat gebruik word om MIV te behandel)
- Rifampisien (word gebruik in die behandeling van tuberkulose (TB))
- Klaritromisien ('n antibiotika wat gebruik word om bakteriese infeksies te behandel)
- Orale voorbehoedmiddels (word gebruik om ongewenste swangerskap te voorkom)
- Metadoon (word gebruik in die behandeling van pyn en opioïede (bv. heroïen) verslawing
- St. John se kruid ('n kruieproduk wat as dieetsupplement verkoop word)

As u medisyne op 'n gereelde basis gebruik, insluitende aanvullende en alternatiewe medisyne, mag die gelyktydige gebruik van ZENFAR 600 ongewenste interaksies veroorsaak. Raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsprofessioneel vir advies.

HOE OM ZENFAR 600 TE GEBRUIK

Neem altyd ZENFAR 600 presies soos wat u dokter voorgeskryf het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u onseker is. Indien u die indruk kry dat die effek van ZENFAR 600 te sterk of te swak is, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.

U moet **ZENFAR 600** op 'n leë maag met water neem, verkieslik met slapenstyd.
Deur **ZENFAR 600** saam met voedsel te neem, verhoog dit die hoeveelheid van die medisyne in u liggaam, wat tot 'n hoër frekwensie van newe-effekte mag lei.
Die aanbevole volwasse dosis van **ZENFAR 600** is 600 mg oraal, een keer per dag. Die aanbevole dosis vir adolessente en kinders (17 jaar en jonger) is 600 mg oraal, een keer per dag, en kan slegs in volwassenes en kinders gebruik word wat 40 kg of meer weeg. **ZENFAR 600** behoort slegs aan kinders toegedien te word wat tablette betroubaar kan sluk.

ZENFAR 600 moet in kombinasie met ander anti-MIV medisyne geneem word. Indien u **ZENFAR 600** alleen gebruik, mag dit nie werk nie.

Indien u meer ZENFAR 600 gebruik as wat u moet
Indien u per ongeluk te veel **ZENFAR 600** geneem het, kry onmiddellik mediese hulp deur u naaste dokter of gesondheidsorgprofessioneel te kontak.

In die geval van oordosering moet u u dokter of apteker raadpleeg. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, moet u na die naaste hospitaal of gifbeheersentrum gaan.

Indien u vergeet om u ZENFAR 600 te neem
Moenie 'n dosis **ZENFAR 600** oorslaan nie, aangesien dit veroorsaak dat dit moeiliker word om die virus te behandel. Indien u 'n dosis **ZENFAR 600** oorgeslaan het, moet u dit so gou as wat u onthou, neem. Indien dit egter byna tyd vir u volgende dosis is, moet u daardie dosis ignoreer en teruggaan na u normale doseerskedule. Moet nooit die dosis verdubbel nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
ZENFAR 600 mag ongewenste effekte veroorsaak. Sommige newe-effekte mag mediese aandag vereis.

Kry dringende mediese hulp as u enige tekens van die volgende allergiese reaksies toon:
- Netelroos, moeite met asemhaling, swelling van die gesig, lippe, tong of keel.

Kontak onmiddellik u dokter as u enige van die volgende ernstige newe-effekte ondervind:
- Psigiatriese simptome, insluitende verwardheid, erge depressie, selfmoordgedagtes, aggressie, uitermatige vrees, hallusinasies of abnormale gedrag.
- Koors met erge blaasvorming, afskilfering en 'n rooi velkleur of enige erge velreaksie.
- Stuiptrekkings (konvulsies).
- Naarheid, maagpyn, verlies aan eetlus, donkergekleurde urien, kleigekleurde stoelgang, geelsug (geelverkleuring van die vel of oë).

Raadpleeg u dokter as u enige van die volgende newe-effekte waarneem of as enige van hierdie simptome u bekommer of nie wil verdwyn nie:
- gewigstoename of -verlies
- duiseligheid
- gevoelloosheid, prikkeling
- beweging
- moeite om te konsentreer
- lomerigheid
- moeite om aan die slaap te raak
- ongewone drome
- hoofpyn
- afwykings van koördinasie en balans
- vergeetagtigheid
- verwardheid
- abnormale gevoel van vreugde
- onduidelike gesig
- suising in die ore
- sinusitis
- hartkloppings (vinnige, ongereelde hartklop)
- toename in hartritme
- asma
- naarheid, braking
- diarree of hardlywigheid
- maagpyn
- indigestie
- opgeblaasde maag
- toename in eetlus
- smaakafwykings
- veluitslag
- jeuk
- toename in sweet
- ekseem
- haarverlies
- akne
- verandering in velkleur
- spier- of gewrigspyn
- impotensie (verlies aan seksuele vermoë in mans), toename in seksuele drang (libido)
- moegheid of tekort aan energie
- hitte-golwe
- griepagtige simptome
- algemene gevoel van ongesteldheid
- pyn
- verandering in die vorm of posisie van liggaamsvet (veral in u arms, bene, gesig, nek, borste en heupe)

Nie al die newe-effekte wat vir ZENFAR 600 aangemeld is, word in hierdie blaadjie ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan terwyl u ZENFAR 600 gebruik, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsprofessioneel vir advies raadpleeg.

INLIGTING OOR DIE BERGING EN WEGDOEN VAN ZENFAR 600
Bewaar by of onder 30 °C. Hou dig toe en beskerm teen lig.
Enige medisyne wat verby hul vervaldatum is, en enige ongebruikte medisyne, kan aan u naaste apteek teruggbesorg word.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK EN GESIG VAN KINDERS.

AANBIEDING
Ronde, wit HDPE houers met 'n wit deksel, met 30 tablette.

IDENTIFIKASIE
Geel, kapsuulvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met "ML12" op die een kant gegraveer en glad aan die onderkant.

REGISTRASIENOMMER
45/20.2.8/0084

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk
Kantoorblok 1,
Bassonia Estate Office Park (Oos),
Cussonarylaan 1, Bassonia Rock
Uitbr. 12, Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE INLIGTINGSBLAD
1 Oktober 2015

MASTER COPY

MACLEODS

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

1. Product: ZENFAR 600 (Efavirenz Tablets 600 mg)	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 435 x 450 mm
9. Design / Style: NA	10. Item code No.: PM02766501
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 18782 mini
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: NA
15. Revision no: 00	16. File Name : E:\ANDA Regulatory\South Africa\EFAVIRENZ 600\Zenfar 600\01\Zenfar 600 PI & PIL PM02766501.cdr
Approved By:	17. Location: BADDI

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
03/05/18	Shahaboodeen Charfaray	03/05/18	09/05/18	11/05/18	16/05/18

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-01

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM02766501		

UNCONTROLLED COPY